

Donderdag 17 November

Skrifgedeelte: Matteus 26:47-56

Fokusgedeelte: Matteus 26:52-53

God se engele moet terugstaan by Christus se lydensbeker

Jesus Christus het kort tevore met groot worsteling gepleit: “Vader, as U tog maar hierdie beker van my wil wegneem ...” Hiermee het Hy verwys na die bittere kruisiging.

Dan word Jesus deur Judas Iskariot verraaï sodat dié wat Hom gevange moes neem, kon weet wie die regte een is. En hoewel Jesus in sy menslike natuur reeds swaar geworstel het oor wat vir Hom wag, gee Hy Homself kalm en beheersd oor aan diegene wat Hom moes vang. Petrus wou dit keer. Asof Jesus magteloos is, kom hy met die mag van ’n swaard en kap Malchus se oor af. Dan spreek Jesus hom aan: “Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.” En dat Petrus en ons moet weet dat Jesus nie die magtelose is nie, maar wel duidelik in beheer van sake is, sê Hy: “Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?”

Hy is voorwaar die Here van die leërskaare, die Almagtige, wat gekom het as die Messias om sy beloftes te vervul. Hy moet die beker ledig wat die Vader aan Hom gee. Hy is ten volle gereed om in vervulling te laat gaan wat in die Skrifte staan. Hy is gereed om soos ’n lam na die slagplek gelei te word en deur God verlaat te word (Jes. 53:7; Ps. 22:1).

God se engele moes terugstaan en Christus het die vloek en toorn van ons sonde op Hom geneem, die helse smarte gedra sodat elkeen wat in Hom glo, nooit meer van God verlaat sal word nie. Inteendeel, God se engele staan gereed om jou op die hande te dra sodat jy jou voet nie teen ’n klip stamp nie (Ps. 91:11-12).

Sing: Psalm 107-1:9, 10

Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)